
WEEK 47 | 4 DESEMBER | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# STERRE, PLANETE EN PASSIE





>>> BLADSY 2

**Sterre, planete en passie**

Lafras gesels sedert Maart op RSG en vertel jou hoekom jy op jou kussing op die grasperk moet gaan lê en sterre kyk.

>>> BLADSY 3

**Nog 'n eerste vir Heilbron**

'n Paar weke gelede is die saak aangeroer dat Heilbron se dam-omgewing groot toerisme potensiaal het.

>>> BLADSY 8

**Rolbal jaareinde**

Ten spyte van 2020 was soos 'n verkeerdeveer hoender op ons afgekom het, het die rolbalklub op 'n baie positiewe noot afgesluit.

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

80x50mm volkleur advertensie vir 4 weke

as jy 'n een jaar kontrak teken om in die Heilbron Herald te adverteer

Kontak heraldnuus@heilbron.co.za vir meer inligting

Besprekings moet geplaas word voor 31 Januarie 2021. Bepalings en voorwaardes geld.

R750 P/M ...jy bespaar R410 P/M



Op die voorbladfoto: M42 in die Orion-konstellasie, geneem deur Lafras Smit op Saterdag 14 November 2020 met 'n Celestron EdgeHD 11 Canon 6D

# STERRE, PLANETE EN PASSIE



Gebore, getoë en nou boer in die Heilbron-omgewing – dit is Lafras Smit. Sy stokperdjie bring mee dat hy betrokke raak by RSG se Sterre en Planete-span nadat hy voorgestel het om inligting omtrent die maand se atmosferiese gebeure met die luisteraars te deel. Lafras gesels sedert Maart reeds, elke tweede Sondag vir ongeveer drie minute op RSG. Hier vertel hy jou hoekom jy op jou kussing op die grasperk moet gaan lê en sterre kyk. Sy liefde vir die sterrekunde kom reeds van jongs af. Die gogga het egter behoorlik gebyt nadat hy in 2015 vir die eerste keer 'n teleskoop besigtig het terwyl hy in Durban was. Hy wou opsluit vir homself een aanskaf. Na baie navorsing en oplees het Greg Roberts en Willie Koorts hom onder die vlerk geneem. Greg het hom, al die pad uit Kaapstad, baie geleer van wat hy vandag omtrent die hemelruim weet. Lafras deel met Heilbron Herald se lesers die hoofgebeure in die atmosfeer hierdie Desember. Vir die volgende paar weke moet jy vroegaand Jupiter en Saturnus in die weste dophou, waar hulle op 21 Desember hulle feitlik teen mekaar gaan lê. Hy vertel dat die vorige keer wat hierdie gebeurtenis plaasgevind het, in 1623 was, aangesien Jupiter ongeveer 12 jaar en Saturnus 29 jaar neem om een keer om die son te wentel. Lafras se volgende insetsel sal eers weer die 15de Desember wees wanneer die Geminids sterrereën reeds verby sal wees. Dié sterrereën is aktief van 4 tot 16 Desember en die hoogtepunt is die oggend van 14 Desember met 'n verwagte 50 meteore per uur. Dit sal egter ook 'n paar dae voor en na die datums sigbaaar wees. Die beste tyd om te kyk is tussen middernag en drie-uur die oggend. Dit kan gesien word in die rigting van die Tweeling-konstellasie, maar die meteore is gewoonlik die hele nagruim vol. Die toestande om dit hierdie jaar te sien is baie gunstig. Dit is nuwemaan gedurende dié tyd, so behalwe vir wolke, behoort daar niks anders te wees wat sig sal belemmer om die meteore te sien nie.

# SUKSESVOLLE HONDSDOLHEIDINENTINGSVELDTOG IN KOPPIES EN KWAKWATSI



'n Suksesvolle hondsdolheidinentingsveldtog is Dinsdag, 1 Desember in Koppies deur die Veeartseny afdeling van die Departement van Landbou gehou. Baie dankie aan die gemeenskap wat hulle honde en katte na die inentingspunte gebring het. Met almal se hulp is ons een stap nader daaraan om hondsdolheid te beheer.

*Foto: Mnr. Willie van Zyl, dieregesondheidstegnikus en assistent Mnr. MP Kgodumo ent honde in en reik die nodige sertifikate uit in Kwakwatsi, Koppies*

# DIE LEKKER VAN AFRIKAANS

**Aftree**: Kierieverlof
**Alkohol:** Slingersous
**Bleeksiel:** Fooskoos
**Fiets:** Draadkameel
**Eet:** Tandslaan
**Aap:** Sitbok
**Blonde Oomblik:** Breinpouse
**E-Pos:** Vonkpos
**Grimering:** Jeugdeeg
**Toilet:** Porseleinskoeter
**Mooi meisie:** Asemdief
**Omgekrapte maag:** Barsblerts
**Oorgewig:** Duidelik sigbaar
**Sakrekenaar:** Sompompie
**Lyftaal:** Skeletklets
**Ski-Pants:** Sellulietsokkies
**Snelweg:** Boete roete
**Springmielies:** Kitskoring
**Tipex:** Flaterwater
**Tissue:** Snoetsponsie
**Burp:** Keelknal
**Graanvlokkies:** Olifantskilfers
**Slaap:** Lappe trap
**Ouetehuis:** Kieriekoshuis

## KERSLIGKOMPETISIE

**Kersfees is oor 3 weke en Heilbron Herald in samewerking met Bonus Hardeware, The Local Choice Platteland Apteek en Late-Nite Video, bied 'n kompetisie aan vir die inwoners van Heilbron om met hulle Feestyd-versierde huise te spog. Hang jou liggies op, neem 'n foto en stuur dit via Facebook Messenger vir die Heilbron Herald Facebookblad waarna ons dit op die blad sal laai om soveel as moontlik *likes* te werf. Die wenner sal 'n geskenkpakkie ontvang. Foto-inskrywings sowel as *likes* sluit 17 Desember om 08:00 en geen foto's of *likes* word daarna aanvaar nie. Die wenner word in die laaste koerant van die jaar op 18 Desember 2020 aangekondig. Vir navrae skakel Silma by 058 852 3033.**

**Bepalings & voorwaardes op ons Facebook-blad.**

# GBV AND CHILD NEGLECT AWARENESS

Since the 6th of November, the EFF and community of Phiritona started awareness regarding gender-based violence and child neglect. They were saying that #GBVMustEnd and were standing up for victims of the above mentioned. On Tuesday, they visited the police station for a 14-year-old girl who was raped. Together with the police, they had sessions to give insight into woman and child abuse. Gender-based violence is deeply rooted in gender inequality and continues to be one of the most notable human rights violations within all societies. Gender-based violence is violence directed against a person because of their gender. Contact your nearest police station to report an incident.






# NOG 'N EERSTE VIR HEILBRON

Die pad na Petrus Steyn – dit is nou nie die trein na Petrus Steyn van Steve nie, want dit bestaan bykans nie – bly maar in my gedagtes, want jare gelede was dit 'n grond pad!

Daar was ook baie politiek verbonde aan die bou van die teerpad. Want sien, 'n klein stukkie van die pad het 'n boer se grond afgesny en dan moes die provinsie of staat die boer daarvoor vergoed alhoewel die stuk bykans nutteloos was/is. Dit was eintlik onnodig om dit te doen volgens oorlewering.

Hoe dit ookal sy, my storie het 'n ander hoek. Terloops, vir die inwoners van Heilbron wat nie daarvan bewus is nie … die ingang vanaf Petrus Steyn het eers reguit in Piercestraat af geloop!

Wat my weer na die Petrus Steyn/Heilbron ingang laat kyk is hoe pragtig die bome die ingang versier. Die ingang voor die draai laat my dink aan die tuinroete – skaduryk. Is dit die rede waarom party motoriste die pad byster raak en reguit aanry en soms amper in Tampies Swart se tuin beland?

Heilbron se nuwe eerste begin net om die draai!

Daar groet die eiland jou met 'n grasperk van Skraalhanse (armoedskruid), botanies bekend as *Conyza bonariensis* die nommer een onkruid waarmee boere dikwels stoei.

Dié ontnugtering is amper soos om jou broer te soen.

Van die inwoners wat oorkant die eiland woon het al die onkruid met *Roundup* getakel maar die hanse skrik vir niks en groei weelderig op die staat/provinsie/munisipaliteit se eiendom.

Wonder nou maar net noudat Heilbron weer eerste is met die "grasperke", of dit nie teenstrydig met wetgewing kan wees nie.

'n Paar weke gelede is die saak aangeroer dat Heilbron se damomgewing groot potensiaal het om as toeriste aantreklikheid ontwikkel te word - veral vir kampeerders en karavaan-kampeerders. Dié geriewe bestaan glad nie meer nie. Daar is nie eers ablusie fasiliteite nie! Die hengelaars wat daagliks daar sit het 'n probleem – want die bome word ook afgekap.

Dit daar gelaat – die foto's vertel die storie van wat verwoesting kan doen!

Heilbron sal moet wakker skrik – niemand belê in 'n dooie perd nie. Waar werk geskep word vir die werkloses.

*Time Gentlemen*
*Tom Watson*















# UIT DIE PEN

# WEEK SES-EN DERTIG

Ek het al iets oor begrafnisse kwytgeraak, maar daar is sekere onderwerpe wat meer aandag benodig.
Ons gesels die ander dag oor oom A wat sy eie begrafnis (en sy ma s'n) destyds neergeskryf het. Dit, tesame met die twee se testamente, is by die skool in die kluis gebêre, totdat die Groot Dag aanbreek.
Oom A se ma het toe haar kosblik ingegee en so paar jaar daarna het oom A dieselfde gedoen. Hy is welliswaar nie aan natuurlike oorsake dood nie, maar sy laaste wense is tot waar moontlik, uitgevoer. Met sy ma se begrafnis was dit in elk geval *'n bells and whistle*-geleentheid en met oom A se begrafnis was daar nie minder tierlantyntjies nie - oom A was nie eers daar om dit te kon sien nie.
'n Gespreksgenoot vertel dat hulle met die destydse grensoorlog 'n mens moes begrawe. Die grond was hard en die grawe min, dus is die lyk toe nie so diep begrawe as dit moes nie. Met die lyk ingespit, het elkeen iets langs die graf gesê en hulle het *Amazing Grace* gesing, alhoewel hulle die helfte van die tweede versie moes neurie, want hulle kon nie al die woorde onthou nie. Elkeen het 'n stukkie kakiebos op die hopie grond gesit. Toe hulle die volgende oggend wakker word, het *rigor mortis* ingetree. Die lyk se hand het bo die grond uitgesteek. Hulle het al wat hul kon probeer, maar kon nie die hand weer terugkry onder die hopie grond nie. Hulle het die kamp opgeruim, hul rugsakke toegerits, op hul rûe gesit en begin stap. Maar eers het elkeen by die hopie grond met die uitgestrekte hand verbygestap en die lyk plegtig gegroet deur sy hand te skud.
By 'n ander plaasbegrafnis was die teraardebestelling gedoen nadat die erediens in die dorpskerk afgehandel is. Die gat is die vorige dag gegrawe en die familie wou geen groen grasserige matte naby die graf hê nie. Dit moet grond wees. Stof is jy en tot stof sal jy terugkeer. Sela.
Die prosessie het vanaf die kerk na die plaas se begraafplaas vertrek. Die groot lykswa voor en die res van die mense agterna. By die begraafplaas aangekom, moes almal eers wag: 'n rondloperkalf het in die gat geval en dié moes uitgehaal word.
Ek vermoed dit is hier waar die spreekwoord "die kalf is in die put" vandaankom.
Die Vrystaatse gemeente waarin ons was, het 'n koster gehad wat met elke begrafnis dieselfde storie vir (dieselfde) begrafnisondernemer vertel het. Die koster het dan gelag asof dit die eerste keer was wat hy dit gehoor het. Die begrafnisondernemer moes natuurlik ook lag (net goeie maniere) al het hy dit al tot vervelens gehoor.
Oom Koster het vertel van die oom, 'n boer in die omgewing, wat 'n regte korrelkop was. Hy was steeks met elke kerkraadsvergadering, hy wou altyd die laaste sê hê. By 'n basaar het hy oor elke prys gekibbel. Toe hy uitvind dat daar mense basaarvleis bestel het maar dit nog nie betaal het nie, het hy met die volgende Sondag se erediens 'n spreekbeurt gevra en die skuldenaars by die naam aangespreek om te betaal.
So gebeur dit dan ook dat dié oom die tydelike met die ewige verwissel, hy word gepak en gekis en kry sy eie gat in sy eie plaas se begraafplaas.
Die begrafnisondernemer se stellasie wat hy rondom die graf opgestel het was effens te smal vir die kis. Die draers mik hier en druk daar en kry die kis dat dit darem so halfpad afsak, maar een van die hoeke het steeds effens skeef gehang.
Een van die mense wat al onder sy skerp tong deurgeloop het stap vorentoe, trap op die hoek wat skeef hang en druk die kis af.
"Stop jou nonsens, jou korrelkop, en gaan nou!"
Die kis het veilig tot op die bodem van die graf afgesak terwyl die dominee die geloofsbelydenis gelees het.
Maar die beste spaar ek vir laaste. Santie vertel my van die helleveegtannie wat ook uiteindelik opgeroep is vir Hoër Diens. Sy was 'n kwaai vrou vir haar man; sy was 'n liefdelose ma vir haar dogter; 'n hartelose mens in die algemeen.
Gevrees deur baie, gerespekteer deur min.
Die kerk was daardie dag volgepak, dalk sodat die gemeentelede kon kom sekermaak dat die tannie regtig ingespit word. Daar is net vrolike liedere gesing en selfs die predikant het die preek met 'n glimlag gelewer. Klink my hy het nie die verhaal van Lasarus, wat na vier dae weer opgestaan het, gelees nie.
Die voëls het gekwetter van blydskap, die son het goudgeel geskyn en die wolke het heerlik saamgepak.
Die prosessie is na die begraafplaas. Daar was drie stelle kisdraers, dalk om seker te maak dat die tannie wel haar ewige bestemming bereik. Dit het so al gelyk asof hulle dit geniet om die tannie na haar laaste rusplek te dra.
Die kis het sag op die bande bo die graf gewieg en die begrafnisondernemer het op die regte tyd die kis laat sak, dalk effens vinniger as gewoonlik. Dit was so al asof die begrafnisgangers wou hande klap. Hulle was al aan't omdraai om die paartie-frikkadelle in die kerksaal te gaan eet en het gekwyl oor die driehoek begrafnisbroodjies, toe dít gebeur.
Die wolke wat saamgepak het, dit het donkerswart geword en meteens was daar 'n weerligstraal en 'n donderslag nie lank daarna nie.
Die oom het sy hand om sy dogter se lyf gesit en plegtig sy keel skoongemaak. Diegene wat besig was om weg te stap het skielik gaan stilstaan in afwagtig van die oom se toespraakie.
Hy was immers onder die pantoffelregering sy hele getroude lewe lank.
Die oom het opgekyk en geglimlag: "My kind, pappa dink mamma het gearriveer."
Ek hoor hulle het tot laatnag gekuier en later sommer gedans ook. Daar is glo meer as een heildronk ingestel.

# FEESSEISOEN BLOEDSKENKING

Tradisioneel is Desember 'n moeilike tyd vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) omdat die nodige 3000 eenhede bloed nie daagliks ingesamel kan word nie. Op Dinsdag 24 November 2020, het SANBS 78 eenhede bloed in Heilbron ingesamel en op 1 Desember 'n verdere 27 eenhede bloed wat altesaam meer as 300 lewens kan red hierdie feesseisoen. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) bedank die gemeenskap van Heilbron vir




elkeen wat gaan skenk het. SANBD moedig elke Suid-Afrikaner aan om by die gereelde groep bloedskenkers aan te sluit en sodoende lewens van hul medemense te kan red. Skenk bloed. Jou bloed red lewens.



*Heilbron Dienssentrum het Dinsdag 1 Desember hulle jaareindfunksie gehou. Dit was 'n aangename, ontspanne geleentheid en lede en donateurs het gesellig saam gekuier. Die Dienssentrum se finale geleentheid van die jaar is die Carols by Candlelight by Huis Bron-van-Heil op Dinsdag 15 Desember 2020. Op die foto verskyn 'n paar van die donateurs: Elza Kriel, Ellouise Breitenbach, Judy Aucamp en ds. Braam van Zyl.*



# KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING AAN DEBITEURE EN KREDITEURE**
**Registrasienommer van boedel:** 005970/2020
**Van:** Linde
**Voorname:** Susanna Roux
**Identiteitsnommer:** 3911190021084
**Laaste adres:** Nicol Woonstel nr 2, Kerkstraat, Heilbron
**Datum oorlede:** 3 Augustus 2020
**Meesterskantoor:** Bloemfontein
Skuldeisers in bogenoemde boedel word versoek om hulle vorderings in te lewer en skuldenare om hulle skulde te betaal by die ondergetekende binne 30 dae vanaf 04 Desember 2020.
**JACOBUS PETRUS JOHANNES VAN DER MERWE**
**P/A GERDA SMALL PROKUREURS**
**WATERSTRAAT 22**
**PARYS, 9585**
**TEL: 056-8176026**
**VERW: G SMALL/L143**

**NOTICE OF SUPPLEMENTARY LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION**
In the Insolvent Estate of the **LATE NARINA HORN, Identity Number: 551216 0019 088,** in life unmarried, living at 18 Botha Street, district Petrus Steyn, 9640, Province Free State, **Estate Number: 672/2017.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the supplementary Liquidation and distribution account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court, Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**SIGNED AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

**KATJIES SOEK GOEIE HUIS**
5 Klein katjies op soek na 'n goeie huis
Reg om in te trek middel Desember.
***Kontak Celéste 082 551 1266***

**POSTNET HEILBRON**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
***Elsstraat 42 HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

# BETREKKING

Stafverpleegster of Ingeskrewe Verpleegassistent

HUIS BRON VAN HEIL

Aansoeke word ingewag vir die volgende poste by Huis Bron-van-Heil (Heilbron Bejaardesorg)
**STAFVERPLEEGSTER OF INGESKREWE VERPLEEGKUNDIGE**
***Vereistes:***
• Kandidate moet by die SAVR geregistreer en opbetaal wees, tot op datum.
• Vorige ondervinding van bejaardesorg sal 'n aanbeveling wees, sowel as enige toepaslike kursusse.
**CV's kan by Huis Bron-van-Heil afgegee word vir aandag**
**Sanet du Plessis of skakel 058 050 0897**
**Sluitingsdatum: 11 Desember 2020**

Geregistreerde Verpleegkundige

HUIS BRON VAN HEIL

Aansoeke word ingewag vir die volgende pos by Huis Bron-van-Heil (Heilbron Bejaardesorg)
**GEREGISTREERDE VERPLEEGKUNDIGE**
***Vereistes:***
• Kandidate moet geregistreer wees by die SAVR en opbetaal wees tot op datum.
• Moet in besit wees van 'n medisyne uitreikingsertifikaat of bereid wees om so gou moontlik die kursus te doen.
• Goeie menseverhoudings.
**CV's kan by Huis Bron-van-Heil afgegee word vir aandag**
**Sanet du Plessis of skakel 058 050 0897**
**Sluitingsdatum: 11 Desember 2020**

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***
**G**

Neem asseblief kennis dat die
**HEILBRON HERALD**
se winkel & fabriek sluit vanaf
**18 Desember 2020**
**en heropen DV 6 Januarie 2021.**
Plaas asb. u bestellings vroegtydig om teleurstelling te voorkom.
***Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033***

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

# DIENSTE

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



Hugo Groenewald
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).
Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
**R**

# BETREKKING

**HOËRSKOOL WILGERIVIER**
**FRANKFORT**

Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium skool beskik oor die volgende pos:

Permanente Departementele
**Departementshoof PL2**
Wiskunde / Fisiese Wetenskap / Afrikaans HT
vir Hoërskool (gr. 8-12)
Posnommer: 191314 / 203

Aanvangsdatum: 1 Februarie 2021
(Volgens Vakaturelys 2/2020 van Vrystaat Onderwysdepartement)

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:
- Aansoekvorm soos verskyn in Vakaturelys.
- 'n Volledige CV.
- Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies.
- Gewaarmerkte afskrifte van ID.
- Getuigskrifte.
- SACE-sertifikaat.

Voornemende kandidate kan aansoek doen volgens die voorskrifte in vakaturelys 2/2020, asook 'n verkorte CV stuur na:
- e-pos: wilgeskool@lantic.net
- faks: 0866 595 407
- Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 18 Desember 2020
(Volgens Vakaturelys van Vrystaat Onderwysdepartement)

**Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010) (skoolure)**

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# KENNISGEWINGS

**LOST OR DESTROYED DEED**
Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer Number **T22455/2009** passed by the **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **LYDIA MODIEHI MOFOKENG,** Identity Number: 771204 0334 081, UNMARRIED in respect of ERF 5001 PHIRITONA (EXTENSION 6) DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE, IN EXTENT 290 (TWO NINE ZERO) SQUARE METRES which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such a copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within TWO (2) weeks from the date of publication of this notice.
Dated at BLOEMFONTEIN this 30th day of NOVEMBER 2020.
GERBERS JUNIUS ATTORNEYS
**42A DAN PIENAAR DRIVE**
**DAN PIENAAR**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-MAIL: TERESSE@GERBERS.CO.ZA**
**TEL: (051) 436-0321**

**TENDER**
Die Koppies Landbougenootskap Komitee wag hiermee tenders in vir 'n sink stoor wat reeds afgebreek is.
Die grootte van die stoor beloop lengte 27,6m x 9,3m breedte x 3,4m hoog.
(Daar kort 8 sinkplate). Die stoor kan besigtig word te enige tyd tussen 09:00 en 16:00 vanaf Maandae tot Vrydae.
Die sluitingsdatum van die tender is 18 Desember 2020 om 12:00 en kan ingehandig word by die kantore van
**VOSLOO & VENNOTE INGELYF,**
**Eerstestraat 7, KOPPIES, 9540.**
**Kontakpersone: Piet Barnard,**
**073 324 7919, indien nie beskikbaar Ben Vosloo, 079 495 0180 of Maria Nel 082 057 1729.**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
**R**

# KLEUTERKASTEEL LENTESTAP

'n Lentestap is deur Kleuterkasteel gehou op 27 November 2020 te Heilbron Golfklub as 'n fondsinsameling vir die skool.

Lienke Terblanche het die meeste geld ingesamel en sy is beloon met 'n kontantprys van R500.



# KLASPARTYTJIE BY SPUR

Sandersville Gekombineerde skool se Graad 1, 2 en 3 klasse het onderskeidelik op 19, 20 en 25 November 2020 hulle klaspartytjies by Buffalo Valley Spur gehou.

Die kinders is op hierdie manier bederf om hulle harde werk tydens die jaar op 'n hoë noot af te sluit.











**OUDHEDE GESOEK OM TE KOOP**

Op soek na enige oudhede en ou speelgoed wat u nie meer gebruik nie en ek kan koop.
***Skakel of stuur 'n boodskap om terug te skakel asb na 081 288 3186***

**WINKELURE**
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00

# JA MALHERBE LEERLINGRAAD VIR 2021

Dit is met trots dat die volgende leerders, verkies is tot die 2021 leerlingraad van JA Malherbe Primêre Skool in Petrus Steyn, bekend gemaak word. Die hoofleiers word eers aan die einde van die eerste kwartaal verkies. Die personeel, ouers en leerders van JA Malherbe Primêre Skool wens hulle sterkte toe met al hulle pligte en verantwoordelikhede vir volgende jaar. Foto erkenning: André Pretorius Fotografie


*Lerato Ayele Fiker*


*Qusanda Malindi*


*Marisa Islam*


*SJ Jacobs*



*Jané J van Rensburg*


*Janique van Heerden*





*Johané Pretorius*


*Johannes Khampepe*


*Janco Bonthuys*



# VEGKOP GELOFTEFEES



GPS: S27°48.7', E27°54'49.4

**KOM VIER SAAM GELOFTEFEES TE VEGKOP SLAGVELDTERREIN**

**Woensdag, 16 Desember 2020**
**09:00** Verwelkoming & Openingseremonie (Vlagparade Heilbron Voortrekkers) Voorlees van Gelofte
**Skrifoordenking:** Ds. Tommie van Vuuren van Gereformeerde Kerk Heilbron
**Kranslegging & huldeblyk:** Jannie en Alida Els
**Sang:** Lied van Jong Suid-Afrika
**Teepouse:** (± 20min) Koffie/Tee - Feeskomitee Koeldranke te koop - Voortrekkers.
**Feesrede:** Mnr Willie Engelbrecht - Vrystaat Gebiedsleier van die Voortrekkers.
**Tema:** "In geloof en saamstaan bou ons"
**Verkiesing:** Nuwe Feeskomiteelede
**Afsluiting:** Stem van Suid-Afrika

*NB: COVID reëls en regulasies steeds van toepassing. Ongelukkig dus geen etes beskikbaar nie.*

**Geloftefeesnavrae:** Jasper van der Bijl 082 453 7357

# SAAMBOU GELOFTEFEES

Hiermee word u opgeroep om u Gelofte te eerbiedig deur saam te kom feesvier tot Eer van Sy Naam.

**Plek:** Saambou Geloftefeesterrein (Tussen Oranjeville en Deneysville).
**Tyd:** Woensdag, 16 Desember om 09:00

**Erediens:** Ds. Carlie Schiel - NG Kerk, Deneysville.
Kollekte na afloop van die diens
**Feesrede:** Werner Human – Operasionele hoof van Solidariteit.
Gesellige saamkuier en ligte versnapperinge na afloop van die verrigtinge.
**Enige navrae kontak:** Gerrit du Plooy 082 944 9290 of 082 386 2906





# HOOGGELEGEN GELOFTEFEES

**Dinsdag, 15 Desember 2020**

**14:00:** Verwelkoming deur Willem Lotter.
**Opening:** Ds. Ryno van As.
Verkiesing van Feeskommissie.
Optog na Monumente.
**Vlaghysing:** André Lotter, Martin Rossouw, Marnus Swart
Sing van Die Stem.
**15:30:** Boeresport o.l.v André en JJ.
Waatlemoenfees.
**18:00:** Braaivleis met bykosse @ R40 per persoon. (bring eie eetgerei en stoele)
Daar sal ook 'n orkes wees vir 'n lekker boerekuier.
**19:30:**
**Toneel:** *Die Brummers hou Bruilof* deur Stephan Bouwer o.l.v. Hentie Scheepers.

**Woensdag, 16 Desember 2020**
**08:00:** Vroeë biduur – Heinrich Jacobs.
**09:30:** Geloftediens gelei deur Ds. Ryno van As.
Lees van Gelofte.
Koorsang.
**10:00:** Feesrede – Ds. Willem van Schalkwyk.
Koorsang
**Afsluiting:** Willem Lotter.




# DOORNKLOOF GELOFTEFEES



**Plek:** Doornkloof Voortrekkerplaas, Lindley omgewing.

Kom geniet die dag saam.

Gesinspret, kultuur, geskiedenis, vol lewe, liefde vir die land, onthou, plaasatmosfeer.

**15 Desember 2020**
**17:00** Gesellige kuier en skuurdans - Hoofterrein.
Vure word voorsien, bring eie vleis, drinkgoed en eetgerei.
Pak die dansskoene in.
**Ander reëlings:**
Oorslaapgeriewe beskikbaar teen R100 p/p. Bespreek vroegtydig. Kinders onder 3 - gratis. Bring eie beddegoed. Krag in alle kamers. Warm water beskikbaar in badkamers.

**16 Desember 2020.**
**09:30** - Geloftediens: Ds Arnold Smith - Steynsrus.
**10:15** - Spreker en feesrede: historikus en skrywer - Nico Moolman van Utrecht, KZN.
**11:00** - Optog en kranslegging: Vrystaat Voortrekkers.
**11:30** Tee en Verversings.
Verversings word bedien na afloop van dag se verrigtinge.
**12:30 tot laat middag** - Saamkuier en ete.
Vure word aangesteek.
Middagete word gratis vir alle bywoners voorsien. Bring eie eegerei en drinkgoed.

Kontak Helga Wessels 083 388 0289 of Mindus Crous 082 314 3819.



HERALD

# ROLBAL JAAREINDE

Saterdag se uittog na Kroonstad waar die Valsrivier-pare kompetisie aangebied is, is eers voorafgegaan deur die jaarlikse Kersete op Donderdagaand 26 November.

Die Kersete was ook spesiaal omdat dit die geleentheid geskep het om Loutjie se 90ste verjaarsdag te vier. Weens die inperking moes hy maar tevrede wees om alleen te verjaar op 6 April, maar gelukkig het die rolbaldames dit nie vergeet nie en is hy bederf met ’n alte lekker verjaarsdagkoek.

Almal is al moeg om gedurig te hoor van die virus, inperking, maskers en sanitasie en hopelik sal 2021 ’n meer positiewe jaar wees.

Tens spyte van 2020 wat soos ’n verkeerdeveer hoender op ons afgekom het, het die rolbalklub die gedeelte van die jaar wat wel benut kon word, met albei hande aangegryp en kon die jaar op ’n baie positiewe noot afgesluit word.

Nuwe lede wat aangesluit het, goeie deelname aan Valsrivierkompetisies met goeie resultate en ’n baie suksevolle besigheidsliga wat aangebied is, het die negatiewe omstandighede van die pandemie bietjie op die agtergrond geskuif.

Ongelukkig was daar die minder onaangename insident toe ons tuinier, Jakob Tshabala, raakgery is. Jakob was vir twee weke in Kroonstad in die hospitaal en is steeds afsiek. Hopelik sal sy herstel van sò ’n aard wees dat hy weer sy normale pligte sal kan hervat.

Wat die afgelope naweek se pare-kompetisiebetref, het Heilbron Rolbalklub se vyf spanne weereens hul deel gedoen met Gerald Rademeyer en Brandt Janse van Rensburg wat al drie hul wedstryde gewen het en sodoende Januarie aan die Noord Vrystaat-kompetisie gaan deelneem.

Alhoewel Hannalie Claassen en Carina Kleynhans goeie rolbal gespeel het, was hulle telling gelyk aan dié van die span van Vredefort en het hulle deelname aan die Noord Vrystaat-kompetisie met die “flip van ’n coin” gemis.

Met die feesseisoen op hande, wil die bestuur aan almal ’n geseënde en voorspoedige feestyd toewens.

Aan al die borge en donateurs wil ons baie dankie sê vir al die ondersteuning wat ons gedurende die afgelope jaar ontvang het. Hierdie is weereens ’n bewys dat ons, ons dorp se besighede moet ondersteun en geen instansie kan bestaan sonder die ondersteuning van die plaaslike besighede nie. Onthou “Local is lekker”!

Die rolbalfasiliteite sal steeds beskikbaar wees vir sosiale spel gedurende die feesseisoen.



*Op die foto: Hannalie Claassen, Loutjie Smit en Carina Kleynhans.*














BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 8 DESEMBER 2020**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

**WOENSDAG - 9 DESEMBER 2020**

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

**DONDERDAG - 10 DESEMBER 2020**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG - 11 DESEMBER 2020**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**